WERK EN WEN
1905

TRALIE Varia

SEPTEMBER 2020 • JAARGANG 48
WENNERS VAN DIGITALE SKOOLKOERANT 2018

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Genl. Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za Tel.: (051) 4101800 Digitale koerant: tralievaria.tk

Opening van die matrieklapa

Graad 12-leerders begin 'n nuwe tradisie en sluit 2020 op 'n hoogtepunt af

Kliek op icon vir YouTube Video



Die Traliematrieks stuur elkeen 'n ballon (met 'n boodskap van hoop) die lug in. ***FOTO: Jan-Albert Mostert***

NEDINE & HEIKE

'n Tradisionele *40-days* het ongesiens verbygeglip. In die plek daarvan is 'n onvergeetlike herinnering, uit 'n pandemie, gebore…

Die hoofleiers, Pieter van der Merwe en Maroné Moolman, het die geleentheid geopen. Daarna het die inwyding van die matrieklapa gevolg. "Die matrieklapa is vir al ons matrieks baie spesiaal om sodoende iets agter te kan laat by die skool. Dit was 'n baie emosionele dag, want ons het besef ons is nou klaar met hoërskool. Dit was lekker om by die lapa, van ons vriende en onderwysers, te kon afskeid neem," sê Maroné.

"Wanneer die maskers opgegaan het, het al die ander maskers afgeval. Alles wat 'n mens voorgegee het, het nie meer saakgemaak nie," is die geliefde sangeres, Riana Nel, se boodskap aan die matrieks. "Ek is so opgewonde vir julle, want weet julle wat? Dit is net regtig spesiale mense wat deur sulke dinge moet gaan, want God het nodig dat julle opgelei word vir die dinge wat Hy vir julle beplan," voeg sy by. Riana het ook 'n lied geskryf en dit spesiaal aan die Traliematrieks van 2020 opgedra. (Kliek om te luister) "Ons is 2002 babas gebore, ja! Hierdie jaar is ons almal in matriek…" Met dié woorde nog vars in hul geheue het die matrieks wit, geel en blou ballonne (elkeen met 'n boodskap van hoop) die lug ingestuur. 'n Geskenkpakkie, met 'n koffiebeker, boekmerkie en koekie, is aan hierdie besondere groep uitgedeel. Die geselligheid is afgesluit met 'n braai-bederf.

"Die realiteit van 'n nuwe lewensfase het aangebreek, en die matrieks kon dit as 'n groep saam vier," sê Marnus Moolman, 'n trotse matriektralie, oor dié spesiale dag.

Die matrieks van 2020 hoef vir seker nie te twyfel aan die merk wat hul gelaat het nie. Hul gaan bekendstaan as die groep wat, ten spyte van die pandemie, steeds sukses behaal het. Hierdie onbekende tyd, nie uit keuse nie, is met 'n doel op elkeen se lewensreis geplaas.



NUUS: Onderrigstyl is aangepas



SOSIAAL: Lekker tye by die huis



JOERNAAL: Pandemie sluit deure



INTERAKTIEF: Onnies is gerat



SPORT: Heike laat spiese vlieg

Aanlynonderrig dalk nuwe toekoms?

Selfdissipline en deursettingsvermoë is die sleutel tot sukses

HEIKE DE NYSSCHEN

Die huidige omstandighede het skole genoodsaak om 'n alternatief vir fisiese onderrig te kry aangesien skole vir 'n onbepaalde tydperk moes sluit. Aanlynonderrig was die antwoord hierop.

Selfdissipline. Deursettingsvermoë. Toewyding. Aanpasbaarheid. Dit is maar enkele woorde wat aanlynonderrig in kort opsom. Die Tralies se selfdissipline en toewyding is in die laaste tyd behoorlik beproef.


Sentraal het gebruik gemaak van 'n toepassing genaamd *Teams*. Talle vergaderings is aanlyn op hierdie platform gehou. Huiswerk is aan leerders deurgegee, en selfs informele toetse is aanlyn geskryf om te kontroleer of leerders wel hul werk doen en verstaan. Leerders wat weens omstandighede en komorbiteite nie skool kan bywoon nie, gaan voort met *Teams* en bly sodoende op datum met hul werk.

Arina Fourie, 'n graad 12- leerder, sê: "Fisiese onderrig is baie meer effektief!"

Dit was vir baie Tralies en onderwysers 'n aanpassing, maar hulle het die tegnologie vinnig baasgeraak. Dit is nie aldag maklik om vakke soos wiskunde en skeinat op 'n platform te verduidelik nie.

'n Groot uitdaging in verband met aanlynonderrig is toerusting en data. Nie alle leerders beskik oor die toerusting, genoegsame data of bandwyte nie. Die skool het leerders se belange op die hart gedra en sover moontlik in almal se behoeftes probeer voorsien.

Mnr. Jorrie Grobler se mening oor die toekoms van aanlynonderrig: "My waarneming is dat leerders tog fisiese kontaktyd verlang alhoewel dit 'n uitstekende hulpmiddel is in hierdie tyd en ook vir die toekoms."



Flukse matriektralie besig met 'n aanlynles. ***FOTO: Verskaf***

Me. Marinda van der Watt meen dat ten spyte van aanvanklike uitdagings *Teams* 'n baie goeie platform is om werk deur te gee. "*Teams* is 'n goeie platform om op te werk en ek het 'n positiewe ervaring gehad," voeg me. Suné Grobler by.

Aanlynonderrig is nie die ideaal nie, maar dit het die akademiese las op almal se skouers verlig. Danksy *Teams* en toegewyde onderwysers is die Tralieleerders op datum met al hul werk.

Grendeltyd is tog kultuurtyd

NEDINE THERON

Die vreemdheid van grendeltyd kom saam met 'n vangnet van emosies. Die inperking het 'n ondenkbare impak op die Hoërskool Sentraal se kultuurgebied gehad.

Al die groepsaktiwiteite moes gekanselleer word. Koor sing in 'n geslote ruimte is net soos *gym* een van die riskante aktiwiteite ten opsigte van covid-19-regulasies.

Die musiekleerders is passievol oor hulle werk en vind baie ontvlugting en vreugde in die speel van 'n instrument. Dit was geen probleem om gefokus en gemotiveerd te bly nie.

Die musiek- en dramaleerders kon almal gedurende die *lockdown* geoefen het, en het ook weblesse by die afrigters van Sentraal se musiekakademie (SMA) geneem.

Volgens mnr. Hans Potgieter (hoof van die SMA) is die denkrigting van die musiekakademie nie verander nie en daar is weereens besef dat musiek 'n essensiële aktiwiteit is.

Die leerders wat 'n musiekinstrument bespeel was baie goed toegerus om die grendeltyd met positiwiteit te benader. Baie het ook nuwe stukke self aangeleer, maar daar word steeds geglo dat leerders en ouers na dese meer in musieklesse sal belangstel.

Dit is moeilik om vooruitskattings te maak oor die res van die jaar, maar die leerders en onderwysers hoop dat, na die covid-19-piek, hul weer konserte in die Eeufeessentrum sal mag aanbied.

"Gebruik die ekstra tyd tot jou beskikking om jou passie vir musiek, drama, en ander kultuuraktiwiteite te bevorder," is mnr. Hans se raad aan kultuurleerders in hierdie moeilike tyd.

Op Vrydag, 28 Augustus, het die SMA hul eerste episode van die SMA-*Show* uitgesaai.

(Kliek om die SMA-video te kyk.)

Profiel

Oud-Tralie keer terug na alma mater

PETRO-MARI VAN PLETZEN

11 jaar is 'n baie lang tyd! Dit is dus te verstane dat dit vir die Tralies 'n skok was toe hulle hoor dat me. Johrensa Theron getroud is en na Nieu- Seeland verhuis het.

Juffrou Michaan Wessels het egter vinnig die Afrikaanse leisels bymekaar gevat.

Waar het juffrou groot geword en skool gegaan?

Ek is 'n gebore en getoë Bloemfonteiner. Ek het in 2012 aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer.

Het juffrou enige broers of susters?

Ek het net een broer. Hy is 28, twee jaar ouer as ek. Een is vir my genoeg, want hy is werklik die heel beste broer op aarde. Hy is 'n regte "erg-oor-my-sussie" tipe broer wat altyd sorg dat ek gelukkig is.

Hoe sal juffrou, juffrou beskryf?

Ek is skaam en teruggetrokke as ek iemand nog nie ken nie, maar sodra ek gemaklik voel, kan ek nie ophou praat nie. Alhoewel ek 'n baie sagte hart het, het ek 'n baie sterk persoonlikheid en hou daarvan om leiding te neem.



Me. Michaan Wessels FOTO: Jan-Albert Mostert

Wat is juffrou se stokperdjies?

In my vrye tyd lees ek, stap of speel ek met my hond- die oulikste ding op aarde! Ek en my verloofde geniet die natuur en kyk televisiereekse – *Big Bang Theory* en *Friends* is die heel beste!

Het juffrou 'n fobie en vir wat?

Hoogtes en spinnekoppe! Daar is nie genoeg woorde in die HAT om my vrees daarvoor te beskryf nie.

Wat doen leerders wat juffrou ontstel?

Die een ding wat my die vinnigste omkrap is swak maniere. Dit moet nie as "terloops" beskou word nie en dit begin by respek!

By wie kry juffrou krag en inspirasie?

Die belangrikste vir my, is my geloof. Die Here is werklik my steunpilaar en my vriend. Ek klou elke liewe dag aan Hom vas asof my lewe daarvan afhang – want dit doen!

Wat is op juffrou se 'bucket list' vir die toekoms?

Om Italië plat te toer en aan pizza en pasta te smul. Ek is gek oor Italiaanse kos.

Twee Tralie-onderwyseresse verwelkom nuwelinge

MARYKE DU PISANIE

Me. Justine Shaw en Anli Verster het albei tydens die grendeltydpek 'n nuwe lid in hul gesin verwelkom. Albei seuntjies is met ope arms verwelkom.

Ruben Gerhard Verster is van Hebreeuse afkoms en is ook na sy pa vernoem. Elijah Adrian Shaw is die jongste lid van die Shaw-gesin. Sy naam beteken: "Die Here is my God".

"Ek het al vergeet hoe min slaap mens kry," het me. Shaw gesê. Sy vertel dat min slaap die grootste aanpassing was. "Die moeilikste is om nou betyds vir afsprake te wees," vertel me. Verster. Sy sê ook dat al beplan 'n mens hoe goed, is daar altyd die moontlikheid om laat te kom.

Tydens die grendeltyd vertel me. Verster dat sy nie bang was nie, maar net versigtig. Sy sê selfversekerd: "Ek glo dat as ek alles binne my vermoë doen om veilig te wees en op God vertrou, sal ek alles wat oor my pad kom, kan hanteer."

Me. Shaw vertel dat sekere grendeltydregulasies dit baie moeilik gemaak het. "As 'n mens in kraam sou gaan in die aand was daar 'n moontlikheid dat die polisie jou kon aftrek. Aan die anderkant, met Elijah se pa wat uitstedig is, was 'n mens nie seker of hy toegelaat sou word om Bloemfontein toe te reis nie.

Die Tralies wens die gesinne net die beste toe.



Juf. Anli Verster saam met haar baba Ruben. ***FOTO: Verskaf***



Juf. Justine Shaw saam met haar baba Elijah. ***FOTO: Verskaf***

Sosiaal

#aanpasbaar

#onvoorspelbaar

#dankbaar

#onverwags

#lifechanging

#holdersteboldervoet

#genade

FOTO'S: Verskaf

Hoe oorleef jy 'n pandemie?



ELMÉ CALITZ

Die mure beweeg al nader aan mekaar…of altans, dit voel so. Almal kan na maande van binnenshuis bly en leef, seker in 'n mate hiermee vereenselwig.

Hoe gemaak wanneer jy siek is? Is dit ipekonders óf is dit dalk DIE VIRUS?

Dis laat in die nag- jy ervaar 'n brandsensasie in jou keel. Is dit sooibrand? Kanker? Hoe sal jou gesin sonder jou klaarkom? Dalk weet *Google* wat makeer… Dokter *Google* het nie altyd die antwoord nie. *Google* mag enigeen wat hierdie simptome het dalk net aanraai om 'n testament op te stel. *Google* se woord is nie wet nie – moet dus nie alleenlik daarop staatmaak nie.

Die wrede simptome van moeg- en luiheid maak dit moeiliker en moeiliker om soggens vroeg op te staan. Luister, dit ís moeilik – byna onmoontlik – om produktief te verkeer te midde van 'n globale pandemie. Dit is egter juis wat nodig is as ons so 'n pandemie wil oorleef…

Kyk byvoorbeeld na Isaac Newton wat tydens die builepes-epidemie, in 1665, moes self-isoleer. Newton het 18 maande lank in isolasie studeer, waarna hy kon bydra tot die gravitasie-teorie. Maak gebruik van die ekstra leertyd.

Wat staan mens te doen na die sewende maand van kwarentyn wanneer die eetgoed en witgoud begin verdwyn en die huis se mure die inwoners begin verswelg? Niemand het nóú 'n nuwe handsak nodig nie. Koop aanlyn en bly tuis - die pandemie is nog nie verby nie.

REDAKSIONELE KOMMENTAAR



Nedine Theron (Redakteur)

"Gedurende moeilike tye kan ons God dank, want nie een van ons trane is vermors nie, en nie 'n minuut van ons swaarkry is sonder rede nie."- Jen Thorn

2020… 'n Nuwe era, 'n jaar van groot verwagtinge en 'n jaar wat nooit vergeet sal word nie. 2020 is 'n jaar wat vir seker nie verloop het soos ons beplan het nie! Covid-19 het omtrent die wêreld op sy kop gekeer. In 'n oogwink het ons lewens handomkeer verander.


Vir vanjaar se matrieks is alles ook anders, want die matriekklas van 2020 sluit hul skoolloopbaan af in die tyd van die covid-19-pandemie en uitgerekte inperking.

In onseker tye kan negatiwiteit, angs en vrees maklik die oorhand kry. Die situasie is heeltemal buite ons beheer. Ons kan nie gister verander nie en ons het ook nie beheer oor wat môre gaan gebeur nie, maar ons het wél beheer hoe ons vandag gaan aanpak.


"Alles gebeur met 'n rede." Hierdie woorde is vir ons al 'n cliché en nie eintlik wat 'n mens wil hoor wanneer 1000 "hoekoms" deur jou gedagtes flits nie. Jy moet net geduldig en tevrede wees met die onsekerheid. Wees gereed vir die oomblik wanneer die redes jou soos 'n bus gaan tref, want of jy dit nou wil hoor of nie- alles gebeur regtig met 'n rede!

Sterkte aan elke liewe Tralie en Tralie-onderwyser met dié onseker pad vorentoe. Matrieks, hou julle koppe hoog. Eendag gaan julle lekker stories hê om langs die braaivleisvuur te vertel.

Baie dankie aan die redaksie van 2020 wat hard gewerk het om dié spesiale covid-19-uitgawe, onder moeilike omstandighede, moontlik te maak.



WhatsApp jou gedagtes en WEN 'n prys! 071 355 4037



REDAKSIE 2020

REDAKTEUR
Nedine Theron

SUBREDAKTEUR
Heike de Nysschen

NUUS BLADREDAKTEUR
Petro-Marie van Pletzen
KULTUUR BLADREDAKTEUR
Maryke du Pisanie
JOERNAAL BLADREDAKTEUR
Elmé Calitz
SOSIAAL BLADREDAKTEUR
Nedine Theron
SPORT BLADREDAKTEUR
Suné Cronjé
HOOF FOTOGRAAF
Jan-Albert Mostert

JOERNALISTE
GRAAD 9
Marius vd Merwe, Helena Marais, Johané Badenhorst, Lambrecht Scheepers
GRAAD 10
Leila Theron, Nicola Rautenbach, Celia Snellenburg, Nialize Cronjé, Mia Coetzee
GRAAD 11
Christine Nel
GRAAD 12
Anli Grobbelaar, Nedine Naudé

FOTOGRAWE
GRAAD 9
Daphné Esterhuizen
GRAAD 10
Mia Coetzee
GRAAD 11
Christine Human, Jana Landman, Sané Lombaard, Michela Steenkamp, AJ van Tonder

SPOTPRENT:
Karoline Cloete

Geagte Redakteur

Geagte Redakteur
Dis vir my snaaks hoe skool tydens die grendeltyd soms tot laat in die aande aangegaan het. Ja, ek weet ons het nie klas gehad nie, maar die huiswerk was genoeg om jou tot laat besig te hou!

Skool duur ongeveer ses uur, maar om een of ander rede bestaan grendelskool uit niks minder as agt tot tien uur nie!

Gebruik van verwarmers in die motors is uit, selfs al is dit yskoud buite. Niemand wil met groot oë aangekyk word terwyl die termometer *beep-beep* nie.

Moet ook nie jou aanlynvorm soggens vergeet nie, dis tog beter as om te skandeer. Dink net hoe die virus sou versprei as almal moes skandeer!

Ek weet nie wat is die ergste nie; die sosiale distansiëring of om elke dag 'n masker te dra nie. Gelukkig is gesigskerms nie óók verpligtend nie.

Moet ook nie vergeet om jou hande elke periode te saniteer en jou tafel skoon te maak nie. Gelukkig is die saniteermiddel nie dik en slymerig en laat jou hande *sticky* voel nie.

Ai, en nou moet Bloemfontein die een koue front na die ander kry. Kan ons nie maar asseblief die deur toemaak en net die vensters oophou nie.

Wel, eerder bang Jan as dooie Jan. Ons sal maar aanhou doen wat ons kan. Dankie Sentraal vir die beskerming wat julle ons bied.
Groete.
- Blymoedige Tralie

Vlermuise is vanjaar behoorlik in die sop

Wat is die Tralies se opinies rakende die wêreldwye covid-19-pandemie?

ELMÉ CALITZ

Koronavirusse is 'n groot groep van virusse wat onder andere die verkoue insluit. Die uitbraak van 'n nuwe stam van die koronavirus, naamlik covid-19, is teen middel Desember 2019 ontdek. 'n Groep pasiënte in Wuhan, China, is met longonsteking gediagnoseer en in hospitale opgeneem. Daar was egter geen duidelike oorsake nie.

Mediesewerkers het eers teen middel Januarie die erns van die saak besef en begin planne maak om verdere verspreiding van die virus te voorkom.

'n Steekproef is onlangs onder verskeie leerders aan die Hoërskool Sentraal gedoen, om die leerders se mening aangaande die stand van sake te bepaal.

Eerstens, is die leerders gevra om hul mening te gee oor die manier waarop hul akademie geraak sal word. 80% van die leerders is van mening dat die noodtoestand hul punte negatief en onregverdig sal beïnvloed, met slegs 20% wat oortuig is daarvan dat hul akademie nie aan die agterspeen gaan suig nie.

30% van die leerders het erken dat hulle aanvanklik nie die strawwe gevolge van covid-19 verwag het nie terwyl 70% dit wel as ernstig beskou het. 90% van die leerders erken dat dié netelige saak vandag vir húlle net so ernstig is, terwyl 10% steeds volhou dat covid-19 nie vir hulle ernstig blyk te wees nie.

Die vraag: "Dink jy die owerhede neem goeie, ernstige beheer oor die situasie?" ontlok gemengde gevoelens. Daar is verskeie gerugte oor presies wat hierdie núwe virus is en waar dit vandaan kom. Die wêreld is aanvanklik in kennis gestel dat covid-19 sy oorsprong in 'n dis in China, waarna as "vlermuissop" verwys word, het. Ander persone is oortuig daarvan dat die virus moontlik vanuit 'n Chinese laboratorium afkomstig is.

'n Meerderheid van 60% leerders voel dat die virus nie sy oorsprong by vlermuise gehad het nie en dat die gerugte onwaar is.

Waar of onwaar, dit het die wêreld op horings geneem.



Resensie...

Microsoft Teams onder die loep

MARYKE DU PISANIE

Met die nasionale pandemie het skole geen ander keuse as om op tegnologie staat te maak nie. Sentraal kon gelukkig flink funksioneer deur middel van *Microsoft Teams*.

Elke leerder en onderwyser het 'n persoonlike profiel en het toegang tot die toepassing op hul foon of rekenaar. Leerders is op individuele groepe vir al hul vakke. Elke graad het ook hul eie groep vir algemene boodskappe en reëlings.



Kliek vir video

Microsoft Teams is baie maklik om te gebruik en redelik bekostigbaar. Onderwysers kan aanhou onderrig deur videosessies, boodskappe, foto's, video's en selfs informele assesserings. Al die data en boodskappe wat deurgegee word, word gestoor en kan selfs sonder 'n internetverbinding weer besoek word. Leerders het kennisgewings ontvang sodra daar nuwe werk op *Teams* gelaai is.

Ek het dit baie geniet om deur middel van *Microsoft Teams* skool te gaan. Dit is baie maklik om te gebruik en aangesien die skool reeds vir ons rekeninge gestig het, kon ons dadelik inval. Onmiddellike kennisgewings het dit maklik gemaak om op hoogte te bly van die nuwe werk, huiswerk en merkwerk.

Die toepassing is baie toeganklik om te gebruik, en ek beveel dit vir alle skole aan.

Genadebrood aan gemeenskap gebied

ELMÉ CALITZ

Die nasionale grendeltydperk, wat in Maart 2020 ingestel is, was die ondergang van talle besighede in Suid-Afrika. Die besighede wat wel kop bo water kon hou, het die geleentheid aangegryp om 'n handjie by te sit en sodoende die gemeenskap asook skole te ondersteun.

Die waarde van digitale mediesesorg het sedert die begin van die covid-19-pandemie onmeetbaar toegeneem. In samewerking met Vodacom en Discovery, is daar gratis digitale mediesesorg aan alle Suid-Afrikaanse burgers beskikbaar gestel. Hierdie virtueleplatform bied toegang tot betroubare inligting, risiko-toetse, asook vrye toegang tot mediese-konsultasies. Discovery hoop om sodoende 'n groot impak op die stryd teen covid-19 te maak.

Alle inligting rakende die virtuele platform kan op Vodacom of Discovery se webtuistes gevind word sodat burgers mediesesorg kan ontvang sonder om hul huise te verlaat. 'n Anonieme verbruiker meen: "Die konsultasie was vreemd dog interessant en van groot hulp."

Vodacom ondersteun tans kleiner besighede wat probleme met kontantvloei ervaar. 'n Verdere donasie van 20 000 slimfone, 100 terabytes data asook 'n verdere tien miljoen minute beltyd sal aan die Nasionale Departement van Gesondheid vir hulpbron beplanning doeleindes gemaak word.

SASOL het o.a. aanlynhandboeke aan ouers en kinders beskikbaar gestel. Daar is o.a. matriekvraestelle en aanlynklasse beskikbaar sonder enige advertensies of addisionele kostes.



Talle besighede gesluit as gevolg van pandemie. ***FOTO: Verskaf***

ITEC
QUALITY PEOPLE, SMART OFFICE SOLUTIONS
Tel: 051 446 2440
www.itecfreestate.co.za
Hoogenhoutstraat, Langenhovenpark, Bloemfontein Tel: 051 446 2440

Inperkingstyd gee nuwe perspektief

HEIKE DE NYSSCHEN

Nooit sou iemand kon dink hoe uitdagend 2020 sou uitdraai nie. Baie doelwitte en planne van die Tralies is in die wiele gery en hul kyk met nuwe oë na die wêreld.

Maroné Moolman (hoofdogter) het die eerste paar weke as 'n aanpassing ervaar, maar het die tyd saam met haar familie baie geniet. "Die inperkingstyd het my weer laat besef wat werklik belangrik is in die lewe!" Haar familie en vriende is haar grootste ondersteuningspilare.

Sy moedig die Tralies aan om die positiewe in elke dag raak te sien en nie gespanne te raak oor die dinge wat buite jou beheer is nie.

Die tyd wat Pieter van der Merwe (hoofseun) saam met sy gesin op die plaas kon deurbring, was vir hom kosbaar.

"Dit was lekker om so 'n lang ruk by die huis te wees, maar na 'n paar weke het die stilte en skoolwerk aan my begin knaag."

Pieter se boodskap aan die Tralies: "Die belangrikste is om al jou vertroue in die Here te plaas, want Hy laat alles ten goede meewerk vir die wat hom liefhet."

tralievaria.tk

Skandeer dié QR-kode om nog interessante berigte te lees.

teams bloopers

SUNÉ CRONJÉ

Nie alles het altyd tydens die grendeltyd volgens plan verloop nie.

Die Tralie Varia het by 'n paar onderwysers gaan uitvind watter *bloopers* hulle tydens die inperking op *Teams* gemaak het.

Mnr. Potgieter: "Ek het tydens die inperking per ongeluk 'n musiektaak vir die hele skool opgelaai, in plaas daarvan om dit net vir my graad 12- klas op te laai."

Juf. Booysen: "Tydens ons eerste vergadering het ek my mikrofoon aan vergeet, en almal kon hoor hoe ek asemhaal."

Juf. O'Niell: "Terwyl ek besig was om 'n *PowerPoint* te maak en my stem op te neem, het my hond op my skoot kom spring en die rekenaarskerm oorgeneem."

Mnr. Grobelaar: "Soms het ek lank aan video's gewerk net om aan die einde 'n fout te maak en als weer van voor af te doen."

Juf. Van der Watt: "Ek het *quizzes* opgelaai sonder enige vrae!"

Hoe om te skandeer:


Om die *QR*-kode te skandeer, laai 'n skandeer-*app* van jou *app*-stoor af.
Op *Android* kan jy *Google Goggles* gebruik (wat baie ander dinge ook kan skandeer) en op *iOS* word *Quick Scan* of *RL Classic* aanbeveel.
Besoek die webtuiste om video's van o.a. die matrieks se inwyding van die lapa te sien.

ONNIES IS "ALERT!"



Bly op hoogte van die nuutste statistiek





Definisies

Virus: 'n Mikroskopiese parasiet wat selle in biologiese organismes besmet. Virusse kan slegs voortplant deur ander selle in te neem en te beheer aangesien hulle op sigself nie die vermoë besit om onafhanklik voort te plant nie.
Pandemie: 'n Aansteeklike of oordraagbare siekte wat vinnig oor 'n land of groter gebied versprei. Dit is in werklikheid 'n epidemie, maar net op 'n wêreldwye skaal.

Covid-19-simptome:

Algemene simptome
Koors
Droë hoes
Moegheid
Seer keel
Kort van asem

Minder algemene simptome
Diarree
Kopseer
Verlies aan smaak en reuk

Ernstige simptome
Borspyn
Verlies van spraak of beweging

HULPLYN:
Bel jou dokter of naaste kliniek
Bel die hulplyn: 0800 029 999

Nuwe era vir musiekster



Mnr. William Loots in aksie op die verhoog. ***FOTO: Daphné Esterhuizen***

HEIKE DE NYSSCHEN

Gedurende die inperking het mnr. William Loots (William Wolf) hom besig gehou met houtwerk en boeklees. Musiek het egter nie in die slag gebly nie. Hy het 'n musiekvideo geskiet, liedjies geskryf en aanlyn-optredes oor *Joox*, *Facebook* en *Instagram* gehou.

Op 28 Junie het ongeveer 17000 mense ingeskakel om na die *live Joox*-optrede te kyk. "Dit was eintlik lekker om in my huis te sit en vir die mense daar buite musiek te maak. Die interaksie op die kommentaar maak dit interessant."

Tydens die grendeltyd het hy 'n Droomdag-kompetisie geloots. Om in te skryf moes jy jou eie weergawe van sy liedjie - *Droom* - opneem en instuur na @itswilliamwolf se *Facebook*-blad. William Wolf het ook 'n virtuele draai op die kykNET-program Ontbytsake gemaak om meer oor die Droomdag-kompetisie te vertel.

Die wenner is op 1 Julie aangekondig en het 'n prys ter waarde van R 50 000 gewen. Die wenprys is 'n liedjie, geskryf deur mnr. Loots, en 'n musiekvideo van jou smaak. Carmen Basson van Hoopstad was die wenner.

"Die wenner van die eerste Droomdag-kompetisie se liedjie is klaar geskryf en is baie mooi," sê mnr. Loots opgewonde.

Hy het onlangs 'n nuwe liedjie *Wie is jy?* uitgereik en die musiekvideo is al geskiet. "Die liedjie het ek lank gelede geskryf. Dit is sosiale kommentaar op wie mense is, die rede vir hul doen en late en of hulle hulself werklik ken."

Dit is in mnr. Loots se visier om internasionaal Engelse liedjies vry te stel. Sy raad oor die onsekere toekoms: "Ek dink die belangrikste is om aanpasbaar te wees ongeag hoe uitdagend die omstandighede."

Mnr. Loots hou sy voete plat op die aarde, maar sy drome het geen perke nie.

Tralielewe in *Lockdown*

Leerders en onderwysers praat saam

PETRO-MARI VAN PLETZEN

Kom ons vind uit wat het die Tralies alles tydens *lockdown* aangevang.

Vraag 1: Watter goeie en slegte karaktereienskappe het jy tydens die landswye inperking van jouself geleer?

Jeanelie Pienaar (gr. 12) sê dat sy besef het dat sy baie maklik kan aanpas, maar tog nie van enige onsekerheid hou nie.

Wentzel Ketterer (gr. 11) sê hy het agtergekom dat hy niks van reëls hou nie en ook onafhanklik kan werk. Nialize Cronjé (gr.10) sê dat sy besef het sy het nie baie geduld nie. Sy het ook besef dat sy daarvan hou as sy haar eie pad kan volg.

Vraag 2: Het juffrou/meneer enige groot projekte/take aangepak gedurende die inperking?

"Ek het NIE die eier-*challenge* gedoen nie en ook nie piesangbrood gebak nie! Ek het egter al die kaste in die huis- behalwe die studeerkamer, wat my man se kantoor EN my klaskamer geword het- reggepak," is me. Marinda van der Watt se antwoord.

Meneer Johan Coertzen sê dat hy uiteindelik die dinge wat hy altyd uitgestel het, kon doen - hy het die dak geverf. Hy het ook die leerders gehelp met skoolwerk deur vir hulle uitstekende video's te maak. Meneer Hans Potgieter sê dat hy pertinent besluit het om NIE 'n projek aan te pak nie, maar dat hy eerder die tyd gebruik het om te verseker dat die leerders van die Musiekakademie steeds hulle lesse ontvang het, selfs al was dit digitaal.



Onnies vs leerders. ***FOTO'S: Jan-Albert Mostert***

Vraag 3: Dink jy die wêreldwye pandemie het 'n impak op 'n mens se geloof?

Pieter van der Merwe (gr. 12) meen: "Definitief! Daar is winkels in Amerika waar Bybels uitverkoop is en hier in Suid-Afrika het digitale kerke geweldige steun ontvang. Ek het ook self baie meer tyd saam met die Here deurgebring."

Nialize Cronjé (gr. 10) meen dat díe moeilike tyd mens se geloof kan maak of breek. Haar geloof was die enigste ding wat haar positief gehou het. Allicia Cilliers (gr.11) sê ook dat sy dink dit het 'n enorme impak op mense se geloof. Sy sê dat sy self op 'n tyd onseker was en getwyfel het, maar dat sy genade ontvang het, sekerheid gekry het en dat haar geloof ook versterk het.

Vraag 4 : Watter aanpassings moes juffrou/meneer tydens die inperking maak?

Me. Lanie Steenkamp (netbaldirekteur) sê dat haar werk – haar passie om af te rig, kinders se lewens te verander en spangees te bou – net van haar af weggeneem is. Sy kon egter baie tyd saam met haar gesin deurbring, en het opnuut waardering vir elkeen se menswees gekry.

Juffrou Maré-Lize Pretorius sê dat die grootste en die slegste aanpassing vir haar was om geen tyd saam met haar familie te kon deurbring nie. Verder sê sy dat die inperking nie veel vir haar verander het nie-dit sluit haar oefenroetine uit.

RAAI WIE IS DIE?

Woordeskat

ELMÉ CALITZ

Covid-19 het gelei tot die gebruik van verskeie woorde en begrippe binne konteks van die pandemie. Sommige woorde is nie nuut aan die woordeboek nie, maar word vandag op 'n daaglikse basis gebruik.

Wat is die verskil tussen 'n epidemie en 'n pandemie? 'n Epidemie is 'n oordraagbare siekte waaraan 'n groot groep mense terselfdetyd ly. 'n Epidemie raak 'n pandemie wanneer dit verskeie lande gelyktydig begin affekteer.

Is kwarentyn en isolasie een en dieselfde? Alhoewel dit eenders is, is daar tog een beduidende verskil. Kwarentyn is in plek gestel om gesonde persone af te sonder vir observasie, terwyl siek persone hulself isoleer om sodoende verdere verspreiding van die virus te voorkom.

Ipekonders: persone wat aan hipochondrie lei, obsesseer oor hul gesondheid en kan dikwels neuroties optree omdat hulle dink hulle is siek, terwyl daar eintlik niks skort nie. Episenters: die area of gebied waar die hoogste infeksiesyfers voorkom.

Dan is daar natuurlik woorde wat só kraakvars is, dat dit nog nie eens die woordeboek gehaal het nie. Woorde soos voetgroet, koeshoes en nog vele meer.

Uit die hoof se kantoor...

Covid-19 het ons heen en weer geskommel. Soveel nuwe uitdagings om te verwerk.
So het ek byvoorbeeld op 10 Augustus (my vrou se verjaarsdag) die laaste gedrukte weergawe van Volksblad by die voorhek uit die posbus gehaal.

'n Nuwe era is daardeur ingelui en dit het my so bietjie broos gelaat.

Gelukkig bly sommige dinge stabiel en sonder verandering. So is die jaarblad en die Tralie Varia steeds deel van Sentraal. Maar die nuwe uitdagings staan reeds by die voordeur. *DigiTV*, *MS Teams*, D6, ens. is die uitdagings van môre wat ons ook moet benut.

Dankie vir elkeen wat 'n bydrae gelewer het om hierdie koerant nog 'n keer die lig te laat sien. Dankie vir elkeen wat saam met my 'n koppie koffie gaan drink op hierdie indrukwekkende uitgawe. 'n Klein juweeltjie in hierdie onsekere tye. (Kliek vir 'n kykie in Tralieland)



Uit my oogpunt...

Tot en met die middel Maart 2020 het ons sport normaal funksioneer. Rugby, netbal en hokkie het aan 2 sportdae deelgeneem en die kleure- en TOP 20- atletiekbyeenkomste is suksesvol afgehandel.

Toe gebeur die ondenkbare: Covid-19. Nuwe wetgewing en nuwe regulasies. Midde in die chaos lê sport, veral skolesport, bloedneus op die grond.

Sport by Sentraal sal hom nie deur 'n virus of enige iets laat onderkry nie en is ons vêr voor in die beplanning ten opsigte van die bywoning van sportdae en toere vir 2021.

Pandemie kelder nie drome

Heike de Nysschen oefen steeds getrou om haar spiesgooi doelwitte te bereik



Heike laat die spiese steeds vlieg. ***FOTO: Verskaf***

SUNÉ CRONJÉ

Baie Tralies het groot drome en verwagtinge vir 2020 gehad, maar as gevolg van die koronavirus moes aanpassings en opofferinge gemaak word.

Die Tralie Varia het met een van die skool se top spiesgooiatlete, Heike de Nysschen, gaan gesels en uitgevind hoe dié pandemie haar planne vir 2020 beïnvloed het.

Heike sou vanjaar aan verskeie groot byeenkomste soos die Suid-Afrikaanse skole kampioenskap en ASA- nasionale kampioenskap deelgeneem het. Beide is as gevolg van die pandemie afgestel. Heike meen dat dit vir haar 'n groot teleurstelling is, maar bly glo en vertrou dat die Here 'n groter plan het en dat daar in die toekoms weer sulke geleenthede sal wees.

Tydens die inperking het sy gemotiveerd gebly deur staat te maak op haar familie se ondersteuning en liefde, asook om haar roetine te behou en haar oefenprogram te volg. "Harde werk sal altyd beloon word en in onsekere tye soos hierdie, is dit belangrik om gefokus te bly en nie moed te verloor nie," sê sy.

Alhoewel die toekoms nog onseker is, glo en vertrou sy dat atletiek weer binnekort, soos voorheen, sal kan aangaan. Tans oefen sy getrou en hoop om in die toekoms vir internasionale kampioenskappe te kwalifiseer.

Heike is 'n toegewyde atleet en 'n inspirasie vir ander atlete en haar mede-Tralies.

